17 Jun

Uitgawe 2009/06/17

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

En sy sal 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. (Matt.1:21). Eens wedergebore, kan 'n mens soms 'n strik val waar jy jouself regverdig. Dikwels tree ons op soos die ouer broer in die verhaal van die verlore seun in Lukas 15 wat kwaad geword het toe die vader 'n feesmaal voorberei het vir die verlore seun (**Luk.15:28-32**). God het Sy Seun gestuur om ons sondes te vergewe. Laat ons altyd dankbaar wees vir die baie sondes wat ons vergewe is en dat ons altyd God se vergifnis sal vier deur andere daarvan te vertel (**Joh.4:29**). Laat ons liefhê omdat ons van baie vergewe is (**Luk.7:47**). ***Vader, dankie dat U Jesus gestuur het. Dankie dat U 'n sondaar soos ek gered het.***

Deurbraak : Wonderwerke, Redding en toename in Gebed in VK

Hier volg 'n getuie van wat God besig is om deur gebed te doen in die VK. Daar is stories van wonderwerke, redding en 'n toename in die aantal gebedskamers onder jongmense, veral onder skole! Net 'n maand terug is die volgende terugvoer ontvang van 'n gebedskamer in Ayr, Skotland. *"Die krag van gebed kon waarlik gesien word in God se antwoord op Paula se siekte. Ayr en Glosgow Royal hospitale het bevestig dat sy 'n kankeragtige gewas gehad het voor haar operasie. Maar sedert hulle vir haar gebid het in die gebedskamer, kon die dokters nie die kanker vind nie en het ook nie enige verduideliking daarvoor gehad nie. Byna drie weke later en na 'n 10-uur lange operasie nadat hulle 'n ketting gebed vir haar begin het, is daar GEEN KANKER OF GEWAS NIE die massa was net veselagtige letselweefsel. Dit het die chirurg verstom wat Paula toestand die heeltyd gemonitor het – 'n spesialis in die mediese veld."* (Webruimte: http://www.24-7prayer.com/blog/1025, 05/06/09). ***Dank God vir Sy antwoord op gebed. Bid dat hierdie getuie ander sal bemoedig wat betrokke is by 24-uur gebed wêreldwyd om altyd van die onmoontlike te droom en te sien hoe God dit 'n werklikheid maak.***

Bid vir jou gemeenskap : 90 Dae van Seëning

Bid die seëning: Ps.33:10-19 *Die HERE vernietig die raad van die nasies, Hy verydel die gedagtes van die volke. Die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag. Welgeluksalig is die nasie wie se God die HERE is, die volk wat Hy vir Hom as erfdeel uitgekies het. Die HERE kyk van die hemel af; Hy sien al die mensekinders. Uit sy woonplek aanskou Hy al die bewoners van die aarde, Hy wat die hart van hulle almal vorm, wat let op al hul werke. 'n Koning word nie verlos deur 'n groot leër, 'n held nie gered deur groot krag nie. Die perd help niks vir die oorwinning en red nie deur sy groot krag nie. Kyk, die oog van die HERE is op die wat Hom vrees, op die wat op sy goedertierenheid wag; om hulle siel te red van die dood en hulle in die lewe te hou in hongersnood.* **Verklaring:** Ek glo en bely dat Jesus Christus nie wil hê dat enigeen moet vergaan nie, maar dat elkeen tot bekering moet kom en Hom sal erken as die Seun van God (**2 Pet.3:9; Joh.3:16**). (E-pos: cape@transformationafrica.com, 05/06/2009). ***Bid te voet: Deel die evangelie met ten minste een ongelowige vandag en bid vir die lande en mensegroepe wat nog nie van die evangelie van Jesus Christus gehoor het nie.***

Suid-Afrika : Kinders

Die mate van kindermishandeling in Suid-Afrika is besig om vinnig toe te neem. 'n Kind word elke drie minute in Suid-Afrika verkrag. Dit beteken 530 kinders word elke dag verkrag. Ander faktore wat bydrae tot mishandeling in Suid-Afrika is dwelms en alkohol. In Wes-Kaap is dit gevind dat in 90 persent van al die klagtes van kindermishandeling wat ingedien word, het dwelms en alkohol 'n rol gespeel. Jong meisies word mislei om dwelms te gebruik en eindig uiteindelik by prostitusie. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=nw20090604175848262C957302, 04/06/09). ***Gaan voort om vir die kinders in Suid-Afrika te bid. Bid dat God hierdie generasie sal herstel en dat hul lewens behoue sal bly om van God se goedheid te getuig*** (**Ps.118:17**).

Internasionaal : Vlugtelinge

Vrees vir onderdrukking en vervolging lei daartoe dat miljoene slagoffers na skuiling en beskerming soek. Dit gebeur wêreldwyd dat hulle vlug uit hul tuislande en die pyn in die gesig staar om van hul geliefdes geskei te word. Hulle toon geweldige innerlike sterkte en deursettingsvermoë om hoop en sekuriteit te vind in hul lewens. *Refugee Sunday* val op die volgende Sondag na *World Refugee Day. Refugee Sunday* is 'n tydperk van gebed waar die Kerk aangemoedig word om op vlugtelinge te fokus en enige kwessie wat hul raak. Die Kerk kom in hierdie tyd saam om vir vlugtelinge te bid en ondersteuning te bied waar hul kan. (Webruimte: http://www.refugeehighway.net, 12/06/09). ***Bid vir diegene wat van hul***

geliefdes geskei is; vra die Heilige Gees om hul te troos in tye van alleenheid. Bid dat vlugtelinge aanvaar sal word ten spyte van hul agtergrond of kultuur.

Hierdie gebedskalender is 'n insiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com